# Drie finaliste vir Stoetteler van die Jaar

Die algehele wenner word vandeesweek aangewys op die jaarlikse Vleisbeesskool wat deur *Landbouweekblad*, Breedplan en die Lewendehawe Registrerende Federasie (LRF) by Aldam in die Vrystaat aangebied word. Prof. Frikkie Neser en sy span van die departement vee-, wild- en weidingkunde aan die Universiteit van die Vrystaat, het die beoordeling gedoen. Die finaliste is mnre. Hennie Viljoen, Vlensburg Simmentaler- en Simbrastoetery, Parys, Johan Styger BTB Simmentalers, Klerksdorp, en Christopher Sparks, Mount Olive Brangus, Harrismith.



Mnr. Johan Styger FOTO: VERSKAF

## JOHAN STYGER

Johan, wat naby Klerksdorp boer, glo daaraan om dinge reg te doen. Sy Simmentalerkudde het 'n vierster-gradering van Breedplan vir volledigheid van prestasie en spog ook met 'n tussenkalfperiode (TKP) van slegs 379 dae.

Volgens prof. Frikkie Neser beskou Johan die ekonomiese selfvervanging-voerkraalindeks as 'n onontbeerlike hulpmiddel in sy seleksieprogram, maar hy plaas ook ekstra seleksiedruk op vrugbaarheid en geboortegemak. Poenskoppe wat struktureel korrek, glad van haar is en genoeg pigment het, kry voorkeur.

Uit hierdie uitmuntende kudde is verlede jaar tien bulle aan kopers oor die hele land verkoop.

Johan sê sy stoetteling is toegespits op vinnige genetiese vordering van die belangrike ekonomiese eienskappe. Die uitsluitlike doel is om winsgewender, volledige, gemete teelmateriaal aan die beesbedryf beskikbaar te stel.

"Om in die behoeftes van ons bulkopers te voorsien, word die koeikudde bestuur in toestande wat soortgelyk aan dié van kommersiële kuddes met



'n Blik op 'n paar van Johan Styger se Simmentalers. FOTO: VERSKAF

dieselfde lekaanvullingsvlakke is. Die kudde word volledig gemeet en het tans viersterstatus vir volledigheid van data van Breedplan – een van slegs twee Simmentalerkuddes in die land met 'n gradering van vier of meer sterre," sê hy.

Reproduksie is die grootste enkele winsdrywer in beesboerdery. Johan se koeikudde word deurgaans aan prestasiemylpale in 'n enkele somerpaartyd gemeet, sonder 'n tweede kans.

Die mylpaal is dat 'n vers op 'n spesifieke datum 340 kg moet weeg om by die bul te loop, anders word sy uitgeskot. Verder moet sy gedurende 'n dektyd van 42 dae, wat twee weke voor die hoofdektyd begin, dragtig raak.

Koeie moet in 'n dektyd van 66 dae dragtig raak en moet 'n kalf speen. Die program is dus daarop ingestel om die vrugbare, produktiewe diere te identifiseer en by die teelprogram in te sluit.

Die kudde se huidige TKP is 379 dae, wat na aan die teoretiese minimum is omdat die verse vroeër gedek word.

Johan sê om die tempo van genetiese vordering te versnel, word 25–35% vervangingsverse by die kudde ingesluit en word bulle met uitstekende ekonomiese indekse reeds op 14 maande gebruik.

Alle verse en sowat 60% van die koeie word in 'n enkele ronde kunsmatig geïnsemineer, waarna natuurlike dekking toegepas word.

Hy meet genetiese vordering aan die Simmentaler-beestelersgenootskap se selfvervangende voerkraalindeks (SVV), wat 'n ekonomiese indeks van 'n bees se genetiese waarde is. Die gemiddelde kudde-SVV is tans in die top-10% van die ras. Bulseleksie word toegespits op 'n versnelde tempo van genetiese vordering. Die kudde se vordering was die afgelope tien jaar sowat 300% vinniger as die ras se gemiddelde.

Om meer betroubare teelwaardes te verkry sodat die kudde geneties vinniger kan vorder, word die dekgroepe en die bulle wat gebruik word, sorgvuldig gekies om vergelykbare, groot kontemporêre groepe met akkurate koppelings aan ander kuddes te kry.

Die stoetery neem ook aan die beesgenomika-program (BGP) deel. Johan is lid van die Simmentaler-genootskap se tegniese komitee en is tans onder meer met ekonomiese indekse belas. Hy het vyf agtereenvolgende Simdeks-pryse (reproduksie-indeks) ontvang en was vanjaar eerste in die afdeling vir groot kuddes. Verlede jaar was hy derde in die kompetisie vir Stoetteler van die Jaar. LBW

Die mylpaal is dat 'n vers op 'n spesifieke datum 340 kg moet weeg om by die bul te loop, anders word sy uitgeskot.








